Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1370**(A)**(M29)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# PUBLIEKE ADMINISTRASIE N5

(21010035)

**29 Mei 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**
NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die appèlhof los dispute rakende grondwetlike sake op.

1.1.2 Deursigtigheid impliseer dat alle mense gelyk, billik en sonder diskriminasie behandel moet word.

1.1.3 Die grondwet bevat 'n Handves van Regte wat die verhouding tussen die staat en buitelanders reguleer.

1.1.4 'n Beleid is 'n handelswyse of handelsbeginsel wat deur die regering voorgestel word.

1.1.5 Belanghebbendes moet geraadpleeg word sodat alle moontlike standpunte oorweeg kan word.

1.1.6 Die hoof van die regering speel nie 'n beslissende rol in beleidbepaling nie.

1.1.7 Volgens die klassieke klassifikasieteorie word instellings in sewe kategorieë verdeel.

1.1.8 Kommunikasie behels die meedeel of uitruil van betekenisvolle inligting deur 'n mondelinge, skriftelike of ander medium.

1.1.9 Die staat se geld is inderwaarheid die publiek se geld.

1.1.10 Wetgewers aanvaar nie verantwoordelikheid vir alle finansiële transaksies van uitvoerende instellings nie.

(10 × 1) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Heersende regering | A | Gesamentlike Komitee van Openbare Rekeninge |
| 1.2.2 | Hoogste beleidsvlak in die openbare sektor | B | openbare beleid |
| 1.2.3 | Wanneer 'n amptenaar direk aan een toesighouer rapporteer | C | Wet op Openbare Dienste |
| | | D | ouditeur-generaal |
| 1.2.4 | Verpligting om verantwoordelikheid uit te voer om verantwoording vir verantwoordelikheid te doen | E | keuringsproses |
| | | F | Openbare Dienstekommissie |
| 1.2.5 | Ondersoek die ouditeur-generaal se verslag | G | merietestelsel |
| | | H | eenheid van bevel |
| 1.2.6 | Aangestel ingevolge die Wet op Openbare Oudit 25 van 2004 | I | verantwoordelikheid |
| | | J | 1 April–31 Maart |
| 1.2.7 | Regering se begrotingstydperk | K | kabinet |
| 1.2.8 | Toegepas op die administrasie van openbare diens | L | verantwoordbaarheid |
| 1.2.9 | Proses waar die eienskappe van die kandidaat met die vereistes vergelyk word | M | politieke beleid |
| 1.2.10 | Kommissie, ook 'n sentrale personeelinstelling genoem, bestaande uit kundiges op die gebied van personeeladministrasie | | |

(10 × 2) (20)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.3 Definieer elk van die volgende konsepte:

1.3.1 Administrasie

1.3.2 Beplanning

1.3.3 Spanwydte van beheer

1.3.4 Delegering van gesag

1.3.5 Surplus

(5 × 2) (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B**
**VRAAG 2**

2.1 Beleide kan slegs geformuleer word as voldoende en toepaslike inligting beskikbaar is.

Verduidelik die bydrae van belangegroepe as rolspelers in beleidbepaling. (5 × 2) (10)

2.2 Bespreek VYF faktore wat in ag geneem word wanneer 'n staatsdepartement gedesentraliseer word. (5 × 2) (10)

2.3 Die Suid-Afrikaanse Reserwebank word as die bank van die staat beskou.

Bespreek VYF funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. (5 × 2) (10)

2.4 Bespreek VYF faktore wat die aantal kandidate vir poste in die openbare diens beperk. (5 × 2) (10)
**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## VRAAG 3

3.1 Bespreek politieke beleid as 'n noodsaaklike vlak in die hiërargie van beleidstellings. (5 × 2) (10)

3.2 Bespreek 'n ondersoekkommissie as een van die instellings wat by die bepaling van beleid betrokke is. (5 × 2) (10)

3.3 Bespreek die besonderhede wat in ag geneem moet word rakende formele kommunikasiemetodes. (5 × 2) (10)

3.4 Noem en verduidelik kortliks VYF hedendaagse klassifikasieteorieë. (5 × 2) (10)
**[40]**

## VRAAG 4

4.1 Noem en verduidelik SEWE faktore wat 'n rol speel in die bepaling van die spanwydte van beheer. (7 × 2) (14)

4.2 Noem VIER verantwoordelikhede van die minister van finansies. (4 × 2) (8)

4.3 Wat is die kenmerke van die staatsbegroting? (8 × 2) (16)

4.4 Gee die afkorting vir die Kongres van Suid-Afrikaanse Vakbonde ('Congress of South African Trade Unions'). (2)
**[40]**

## VRAAG 5

5.1 Noem en verduidelik kortliks VYF eienskappe van openbare beleide. (5 × 2) (10)

5.2 Noem en verduidelik kortliks VYF vereistes waaraan werknemers se salarisse moet voldoen. (5 × 2) (10)

5.3 Noem SEWE probleme wat sal ontstaan as werknemers se werkverwante kwessies en griewe nie dadelik en doeltreffend hanteer word nie. (7 × 2) (14)

5.4 Gee die bron van inkomste vir elk van die volgende regeringsdienste:

5.4.1 Tariewe

5.4.2 Aksynsregte ('Excise duties')

5.4.3 Staatsdrukkers

(3 × 2) (6)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou